Vrae wat aan my gestel is vir `n artikel in Die Burger tydens die Woordfees in Stellenbosch in Maart 2003

Die titel - *Die skoene moet jy dra* - is 'n song van Valiant wat jy ook opgeneem het. Wat sê hierdie titel vir jou

[Laurika] Vandat ek die sonderlinge voorreg gehad het om saam met Valiant en 'n klomp ander sangers by die Mystic Boer uit te hang een aand na 'n Sarie inspirasiekonsert, weet ek nie meer so mooi wat die titel beteken nie! Ek onthou egter nog die effek wat dit op my gehad het toe ek dit die eerste keer gehoor het. Die titel sê, in die onvergeetlike woorde van Oprah Winfrey - "Go get it Girl"!

Is dit die eerste keer wat jy, Laurinda en Valiant saam te sien is op die verhoog?

[Laurika] Ek en Valiant het al "Sonvanger" (lovely herinnering) saam op die verhoog gedoen (Laurika en die Manne - Volksblad Kunstefees 2002 en die 2002 Sarie inspirasiekonserte), maar ek en Laurinda was nog nie saam op 'n verhoog nie. Ek en sy het 'n verbintenis wat terug dateer tot voor 1987, toe ek die eerste keer een van haar toonsettings ("Ek het 'n huisie by die see") en een van haar liedjies - "Jakarandas bloei" opgeneem het. Daarna het "Vir 'n pepermossie" (1992) en "Winter" (1998) gevolg.

Hoe voel jy oor hierdie soort samewerking en is daar 'n soort band wat julle saambind?

[Laurika] Hierdie soort samewerking het in die verlede vir my groot spronge laat maak. Dit ruk jou uit jou veilige bestaan en forseer jou om jou oë en ore oop te maak. Dikwels is so 'n samewerking nogal intens en alhoewel daar eintlik nie plek vir vrees op 'n verhoog is nie, kan ek die gevoel amper beskryf as een wat gelykstaande is aan met die punte van jou tone op 'n afgrond pereer (ek het gedink pereer is 'n goeie woord om in die woordfees blurb te gebruik.heh heh). Ek gaan, met die "Die skoene moet jy dra"-vertoning, byvoorbeeld saam met musikante werk met wie ek grotendeels nog nooit saamgewerk het nie. In Gauteng, waar ek woon, het ek 'n gereelde orkes wat bestaan uit Wouter van de Venter, Leon Ecroignard en Clinton Waring, saam met wie ek myself werklik musikaal kan uitleef. Ons probeer om elke drie, vier maande 'n nuwe vertoning in te studeer. Ons werk hard en die voorbereiding verg toewyding en lang ure se insette van almal . Met hierdie optrede by die Woordfees, gaan ek dus nie my gereelde ondersteuningstruktuur by my hê nie, maar gaan ek aangewys wees op my medemusikante om my te lei. Dis opwindend en dit skep 'n band tussen ons wat vir my onbeskryflik is.

In die algemeen: waar is Afrikaanse musiek vandag?

[Laurika] Soos ons almal weet, is daar 'n verbysterende breë spektrum van kunstenaars wat elk hulle *craft* op 'n ander manier beoefen en wat 'n lojale gehoor vind -en is ons gehore nie buitengewoon spesiaal nie! Wat vir my boonop verblydend is, is dat die ouer garde, wat al meer as 20 jaar in die bedryf is, nog steeds goeie werk lewer en nog steeds gehore lok, want wat hulle doen ondersteun mos ook die werk van jonger kunstenaars. Jy moet besef dat die verhoog na al die jare nog my grootste passie is. Ek is daarom geneig om meer betrokke te voel by die werk van kunstenaars wat iets met hulle gehore op die verhoog en nie net op CD regkry nie. Afrikaanse musiek vandag het baie goeie verhoogkunstenaars, maar ook baie goeie liedjieskrywers. Op die heel ou end hang musiek van enige tydvak af van wat die liedjieskrywers te sê het. Omdat ek (Stellenbosch drama departement onder die legendariese Rina Botha) opgelei is en die interpretasie van 'n goeie liedjie my ander passie is, is 'n goeie liedjieskrywer, volgens my, uitsonderlik en hou ons liedjieskrywers afrikaanse musiek veerkragtig en gesond.

Hoe verskil of kom jong Afrikaanse kunstenaars ooreen met die tyd toe jy begin het?
[Laurika] Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde.

5. Is daar 'n nuwe Cd oppad?
[Laurika] Ek het verlede jaar in September my nuutste CD "Vier Seisoene Kind" vrygestel. Ek probeer om so elke twee jaar 'n nwe CD vry te stel - daar om sal daar nie vanjaar 'n nuwe CD wees nie.